

Water – kerklike uitdagings

Die aarde is die enigste bekende plek in die heelal wat lewe soos ons dit ken kan onderhou. Ons as mense het daarom geen alternatief nie – as ons die aarde se lewensonderhoudstelsels oorlaai of vernietig, vernietig ons in die proses ook onself.

Daar is groot druk op die aarde, hoofsaaklik vanweë die mens se oormatige bevolkingsgroei. So ook as gevolg van die materialistiese gierigheid en gulsigheid wat deel van die sondige natuur van elke mens is.

Hierdie faktore gee aanleiding tot veral twee omgewingsbedreigings: die verlies aan biodiversiteit en klimaatsverandering.

Die vernaamste dryfkragte vir hierdie bedreigings is ekonomiese groei, die altyd-toenemende vraag na energie, die stygende vraag na voedsel en water asook die berge afval wat deur menslike aktiwiteit op aarde gegenereer word.

In die 2014 “Living Planet Report” van die WWF is bevind dat daar sedert 1970 ’n afname van 52 persent in die “Living Planet Index” was. Dié indeks monitor die welsyn van meer as 10 000 verteenwoordigende soogdiere, voëls, reptiele, amfibieë en visspesies.

Aardverwarming

Die uitwerking van aardverwarming en klimaatsverandering wat reeds duidelik waarneembaar is, versnel hierdie gevaarlike beskadiging van die ekosisteem. Daarsonder sal mense op aarde nie kan lewe nie.

Benewens ontbossing van die tropiese reënwoude, is koraalriwwe in die see besig om te sterf en visspesies word tot op die randjie van uitwissing gedryf.

Die werklikheid van klimaatsverandering is dat daar daagliks reeds 110 miljoen ton kweekhuisgas in die atmosfeer ingepomp word (wat vergelykenderwys maar so dik soos die skil van ’n appel is). Die hoeveelheid sonenergie wat as gevolg daarvan deur die atmosfeer geabsorbeer word, is gelykstaande aan die energie van 40 000 Hiroshima-grootte kernbomme wat elke dag ontplof.

Die meeste van hierdie reusagtige klomp energie word deur die see



Kobus van der Walt is verbonde aan die Noordwes-Universiteit.

geabsorbeer, maar dit het ook ’n baie duidelike uitwerking op die temperatuur van die atmosfeer. Veertien van die vyftien warmste jare op rekord het sedert 2001 voorgekom. Die warmste jaar nog was 2015. Huidige aanduidings is dat 2016 opnuut nuwe rekords gaan behaal.

Die uitwerking van hierdie verwarming is duidelik sigbaar in tekens soos afnemende ysvolumes op die Noordpool en in Groenland, berggletsers wat regoor die wêreld besig is om te

smelt, ’n stygende seevlak, asook ’n groter aantal intenser natuurrampe soos hittegolwe, droogtes, veldbrande, vloede en modderstortings. Benewens stygende lugtemperatuur, neem wetenskaplikes ook ’n styging in die gemiddelde lugvogtigheid op aarde waar. Dit bring ’n gevaarvolle styging mee in die intensiteit en die hoeveelheid superstorms wat op aarde voorkom – iets wat wêreldwyd deur natuurrampe wat by die versekeringsindustrie ingedien word bevestig word.

As ons kyk na water, is dit ironies dat daar waterprobleme kan wees op ’n planeet waarvan die oppervlak grootliks uit water bestaan.

Die probleem is natuurlik dat seewater eers gesuiwer moet word voordat dit vir menslike gebruik of vir voedselverbouing geskik is, en ontsouting is duur en energie-intensief.

Sover dit afval aangaan, is dit veral ook die see wat deurloop. Daar kan vyf baie goed gedefinieerde “garbage patches” in verskillende dele van die wêreld onderskei word waarin daar in die seewater méér plastiek as lewende organismes is.

Suid-Afrika is slegter af as die meeste ander lande op aarde wanneer dit by water kom. Ons gemiddelde jaarlikse reënval is maar sowat die helfte van die wêreld-gemiddelde, en die volume water wat per persoon beskikbaar is, is vergelykbaar met ’n land soos Saoedi-Arabië.

Data van die Departement Water en Sanitasie dui daarop dat meer as 60 persent van ons land se waterhulpbronne onder druk verkeer. Droogtes, watertekort en -beperkings raak ’n al hoe groter deel van ons

As ons kyk na water, is dit ironies dat daar waterprobleme kan wees op ’n planeet waarvan die oppervlak grootliks uit water bestaan.

daaglikse bestaan. Die feit dat etlike honderde rioolaanlegte in Suid-Afrika totaal disfunksioneel is, vererger die land se waterprobleem dramaties.

Dit is baie duidelik dat die aarde in die moeilikheid is. Die mens sal vinnig iets aan sy oormatige invloed op die aarde moet doen om te oorleef. Hoewel hierdie situasie Christene oproep tot gebed en vertroue in die almagtige God, kan en mag dit nie slegs daarby bly nie.

Die Here het vir ons wetenskaplike kennis en tegnologiese vermoëns gegee waarmee ons op aarde moet woek. In hierdie verband is daar opwindende en innoverende tegniese oplossings wat groot potensiaal toon om sommige van die probleme op te los.

Menslike denke

Die grootste probleem lê egter in die denke van elke mens. Voordat

Die omgewingsbewaringsmotief in die hedendaagse strategiese denkstrome oor volhoubaarheid is daarom 'n vergestaltung van 'n sekulêre beskouing. Dit is 'n beskouing van die skepping waarin daar min of geen erkenning is aan 'n almagtige God wat geskape het en voortdurend deur sy Woord en Seun in die skepping aktief is nie.

individue nie hulle verantwoordelikheid teenoor die skepping van God besef en ervaar nie, sal wetenskaplike en tegnologiese oplossings slegs gedeeltelik iets aan die probleem kan doen.

Vir Christene is die Bybel die kenbron van ons verhouding met God, ons naaste en die omgewing.

Die Bybel maak baie duidelike uitsprake oor ons verhouding met die omgewing, soos byvoorbeeld dat die skepping vir die Here ontsaglik belangrik is.

Dit blyk duidelik uit die feit dat die almagtige God per geleentheid 'n verbond met diere gesluit het: "Verder het God vir Noag en sy seuns gesê: 'Kyk, Ek sluit 'n verbond met julle en julle nageslag en met al die lewende wesens by julle: die voëls, die mak diere en die wilde diere by julle, naamlik met al die wilde diere wat uit die ark uitgekome het. Ek sal my verbond met julle hou: mens en dier sal nie weer deur vloedwaters uitgewis word nie'" (Gen 9:9).

Verder leer die Bybel "Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas" (Gen 1:15).

Daar is duidelike voorskrifte om oorbenuiting van die omgewing te voorkom, soos die verpligte Sabbatsrus vir mense, diere en aarde (2 Kron 36) asook "Ter ere van God moet die aarde rus" (Lev 25:2).

Daar is 'n duidelike waarskuwing teen ongehoorsaamheid: "Wanneer die land dan verlate lê en julle in julle vyande se gebied is, sal die grond uiteindelik sy verdiende rus kry" (Lev 26:27 tot 35).

Vanuit die sekulêre natuurwetenskap is daar veral drie denkraamwerke oor die mens-omgewing-verhouding:

- 'n biosentriese benadering waar alle komponente van die omgewing met dieselfde reg om te bestaan (of dan dieselfde waarde) bekleed word;
- 'n ekosentriese benadering waar die waarde van komponente van die omgewing bepaal word deur die fundamentele interafhanklikheid van alle biotiese en abiotiese entiteite en die essensiële diversiteit wat nodig is om stabiliteit te verseker;
- en 'n antroposentriese benadering waar die waarde van omgewingskomponente slegs geleë is in die bruikbaarheid of nuttigheidswaarde wat dit vir die mens inhou.

Bogenoemde benaderings is subjektivisties. Dit beteken iets wat veronderstel is om 'n subjek te wees (onderhorig aan God se wet), word tot die wet self verhoog. Dit staan teenoor 'n normatiewe benadering (dit wat gedoen behoort te word in gehoorsaamheid aan die wil van God).

Die gevolg hiervan is dat die soeke na antwoorde op etiese omgewingsvraagstukke in die natuurwetenskappe in 'n groot mate deur humanistiese oorwegings beïnvloed word. Die omgewingsbewaringsmotief in die hedendaagse strategiese denkstrome oor volhoubaarheid is daarom 'n vergestaltung van 'n sekulêre beskouing. Dit is 'n beskouing van die skepping waarin daar min of geen erkenning is aan 'n almagtige God wat geskape het en voortdurend deur sy Woord en Seun in die skepping aktief is nie.

Die denke van Christene oor hulle verhouding met die omgewing behoort te getuig van 'n normatiewe wetsgehoorsaamheid waar die inherente waarde van alle komponente van die omgewing gerespekteer word omdat God dit geskep het en aan wette onderwerp het. Alles funksioneer in 'n staat van fundamentele interafhanklikheid wat die mens moet respekteer en in gehoorsaamheid aan God onderhou.

Omgewingsvolhoubaarheid is daarom onlosmaaklik aan die formulering en nakoming van spesifieke norme oor die verhouding tussen die mens en omgewing gekoppel. Hierdie norme behoort gestaltes van die sentrale liefdesgebod te wees (byvoorbeeld sorg). Dit is ons opdrag tot rentmeesterskap oor die omgewing.

Dié opdrag behoort nie slegs vir Christene te geld nie, maar vir alle mense. Die selfvernietigende materialistiese eienskappe van die mens kan slegs deur 'n eksterne beheerkern getemper word, en dit is om in ooreenstemming met die wil van God te lewe. 'n Christelik-normatiewe vertrekpunt is 'n voorwaarde vir geldige antwoorde op die groeiende aantal komplekse omgewings-etiese vraagstukke.

Die rol van die kerk is om hierdie waarheid opnuut te verkondig. Roep alle mense op om terug te keer na God se besondere openbaring in sy Woord en om in die lig daarvan voortdurend oor alle omgewingskwessies te besin. Die kerk moet daarom ook in die lig van die Woord nie huiwer om ingeligte uitsprake oor aktuele omgewingsonderwerpe te maak nie.